

8 April

Skrifgedeelte: Matteus 27:15-26

Fokusgedeelte: Matteus 27:24 (1983-vertaling)

Is dit verantwoordelik as jy gelyktydig op twee stoele wil sit?

Pontius Pilatus, die Romeinse goewerneur, is deur die geskiedenis bekend as die besluitelose wat homself skuldig gemaak het juis toe hy sy onskuld verklaar het. Maklik kan geredeneer word dat dit die weg is wat die Vader bepaal het, naamlik dat Jesus deur 'n aardse regter geoordeel moes word. Dit beklemtoon juis dat die uitspraak van Pilatus van die uiterste belang is, omdat hy as goewerneur, die verteenwoordiger van die Romeinse gesag, die enigste persoon was wat die bevoegdheid gehad het om die doodsvonnis uit te spreek.

Hy trap egter in die strik van selfbehoud ten koste van die waarheid deurdat hy die uitspraak aan die Jode oorlaat. Met Jesus se stilsweye is Pilatus in 'n verleentheid en uit vrees vir die opstandiges poog hy om hulle tot besinning te bring deur Jesus op 'n tweetal met Barabbas te plaas. Deur die Jode self te laat kies wie vrygelaat moet word, gee hy as regter die reg uit eie hande aan die beskuldigers oor.

Die volk word hiermee by die skuldigbevinding van Jesus Christus betrek deurdat hulle nou moet kies tussen ware en valse vryheid, vryheid van sonde of net vryheid van die Romeinse oorheersing. Met hulle keuse en die waarskuwing deur sy vrou, is Pilatus se verleentheid net groter en tog ... sy eie aansien bly belangriker, want hy weier om die waarskuwing wat hy op hierdie kritieke oomblik van God ontvang, te erken. Hy besef terdeë dat Jesus onskuldig is (vs 23), maar uit vrees vir die oproer wat nou al intenser raak, gee hy weer die leisels oor.

Pilatus laat die water bring en voor die skare was hy sy hande om volgens 'n ou gebruik (Deut. 21:6; Ps. 26:6; 73:13) sy onskuld aan te toon (vs 24). Maar 'n mens is nie minder skuldig as jy in moeilike situasies jouself verontskuldig deur spreekwoordelik jou hande in onskuld te was nie. Met ware selfondersoek is elke gelowige voor God verantwoordelik om die waarheid te soek en bo alle twyfel te handhaaf, selfs al moet ons ons eie skuld erken. Kom ons hou op verskonings soek in selfregverdiging en aanvaar ons verantwoordelikheid as gelowiges om God se eer bo alles te plaas.

Sing: Psalm 119:39 (1936)

Ds. JE (Blok) Franck (Ladysmith)